Die Lantern

Gereformeerde Kerk Potchefstroom Die Bult

Jaargang 4 #7 22 Februarie 2015

09:30 Oggenddiens

Ds Fanie Coetzee

Tema: Om vanuit die geloof met geloof in geloofsvolharding te lewe

Sing: Ps 131:1,2
Sing: Ps 31-1:1,2,3
Sing: Ps 31-1:12 (Kinderbegeleiding)
Sing: Ps 119-1:11,12
Skriflesing: Hebreërs10:32-11:3 **Teks:** Hebreërs 11:1-3
Sing: Lied 200:1,2
Sing: Sb 14-1:1,2
Amen: Sb 13-3

11:30 International Service

Rev Fanie Coetzee

Theme: Blessed are the merciful

Scripture reading: Matthew 25:31-46 **Key verse:** Matthew 5:7

18:00 Aanddiens

Marnus Venter

Tema: Jesus Christus het ons geregverdig en heilig ons nou deur die Gees sodat ons Hom kan en wil dien

Lofprysing

Lied 219 Laat ons sing van ons Verlosser
Lied 334 God is liefde
Lied 280 Here, Redder, groot en magtig

Sing: Ps 121-1:1
Sing: Ps 103-1:1-2
Sing: Ps 119-1: 1,2,4
Skriflesing: Romeine 6
Teks: Romeine 6:22
HK: Sondag 32
Sing: Ps 146-1:1-4

Ouderlinge en Diaken aan diens	Ouderlinge:	Diaken:
	Gert Kruger & Johnna Kruger	Elza Hattingh

Verjaarsdae

Vandag, 22 Februarie
Gerhardus Middel (21) 082-566-4227

Maandag, 23 Februarie

Liza Lemmer	074-588-8693
Willem Lessing	072-414-2556

Dinsdag, 24 Februarie

Chrissie Reinecke	082-467-7258
Sean Shin	079-730-9773
Petrus Steyn	072-659-6585
Betsie vd Westhuizen	082-363-8784

Woensdag, 25 Februarie

Jonél Jordaan	072-623-5923
Annemarie Kruger	082-336-6898
Boitumelo Serake	083-762-3209

Donderdag, 26 Februarie
Gerhard Oosthuizen 072-082-0489

Saterdag, 28 Februarie

Fanie Kruger	082-859-1867
Gawie van der Walt	018-294-8027

Bet-Ezer benodig

'n Enkelmoedergesin met 3 afhanklike kinders waarvan die 18 jarige seun sistiese fibrose het, benodig 'n lazy boy stoel vir die seun wat moet sit en slaap. Indien van ons gemeente 'n stoel het wat nie gebruik word, sal u daar kan help. Bel of SMS Tom Chambers by 0716444423. Tom help met die versorging van hierdie gesin. *Jurg vd Walt*

Liefdegawes

by die deure

22 Februarie
Oggend: Teologiese Studentekas
Aand: Meelewingsfonds
1 Maart
Oggend: Sentrum vir Kerkgroei
Aand: Meelewingsfonds
8 Maart
Oggend: Christelike Onderwys ARSO
Aand: Meelewingsfonds

Liefdegawes tydens die diens word vir die Liefdesdiens van die diakens gebruik.

Waarvoor word vandag se Liefdegawes gebruik?

Teologiese Studentekas

Om studente wat aan die Teologiese Skool studeer, finansieel met beurse te help sodat die Gereformeerde leer uitgebou en verkondig kan word. *Admin Buro riglyn: R25 per lidmaat per jaar. (Ses kollektes per jaar.)*

GESOEK: OUDERLINGE

Ons gemeente het in die laaste jaar amper met 100 lidmate gegroei. Daar word dus gereeld nuwe wyke geskep en dit beteken dat ons 'n tekort aan ouderlinge het. Ons benodig 5 ouderlinge vir wyke, en 4 ouderlinge vir kleingroepe. As jy van iemand weet wat die gawes ontvang het om in die gemeente te dien deur 'n ouderling te wees, kan jy met die predikante daaroor gesels of die kerkkantoor kontak.

Geskenkpakkies vir Venterskroon

Onthou om klere of enige items wat jy nie meer gebruik nie na die kerkkantoor te bring. Ons gaan op die 16e Mei geskenkpakke maak vir die gemeente in Venterskroon.

Van die Kerkraadstafel

Die kerkraad het op sy vergadering Sondagaand verder besin oor die bediening van die gemeente IN, OP en OOR die BULT.

1. Ons is in 'n proses om ons bedieningsplan en dit wat in die kerkverband bekend staan as die Omkeerstrategie (of nou genoem die Kerkgroeibediening) te sinkroniseer. Ons sal in die derde kwartaal van die jaar tydens ons fokustyd die belangrikste elemente hiervan deeglik vanuit die Woord belig. In kort kom dit daarop neer dat ons glo dat die Here ons en die kerkverband roep tot bekering ten opsigte van wat genoem word die Missio Dei of sending van God. In die proses speel gebed, groei, opleiding en inrigting vanuit die Woord van die Here wesentlike rolle. Dit word soos volg uitgebeeld:

2. Daar is verder besluit om drie van die ses kerkraadsvergaderings in die nuwe jaarsiklus wat ons volg, net verpligtend te maak vir verteenwoordigers van kerkraadskommissie, diakonie, skribas en predikante. Die agenda en notule gaan egter vir alle kerkraadslede beskikbaar wees wat die vergaderings kan bywoon soos nodig. Hierdie vergadering gaan nie self besluite neem nie, maar aanbevelings maak aan die volle kerkraadsvergaderings drie keer per jaar. Die motivering is om minder tyd van ouderlinge vir vergaderings in beslag te neem en om die bestuur van die gemeente meer vaartbelyn te maak.

3. Weens die mooi groei en dinamika wat in die gemeente bestaan het die kerkraad ook besin oor die moontlikheid om iemand deeltyds te betrek om aktiwiteite in die gemeente te identifiseer, nuwe bedienings te fasiliteer, bestaande aktiwiteite met ons bedieningsplan te belyn en ook begeleiding aan dienswerkers te gee. Ons is nog nie klaar hieroor gedink nie maar die kerkraad het tog positief geoordeel oor die beginsel dat ons nie net op instandhouding nie maar ook op uitbreiding moet fokus.

Bid dat die Here vir ons insig sal gee in Sy besig wees in, op en oor die Bult.

Preke vir Gr. 1–3 kinders

Ons het gaan luister na ons ouers met Gr.1-3 kinders oor die kinders se deelname aan die eredienste, asook hulle verstaan van die preke. Ons wil hierdie groep van 23 kinders help deur die preke tydens eredienste te "tolk" tot op hulle verstaansvlak.

Ons wil 'n diensgroep vir hierdie bediening begin: prakties beteken jou deelname, dat die predikant die preek vir jou stuur voor Sondag, sodat jy dit kan lees, waarna jy dan die kinders tydens die preek help om te luister deur hulle aandag te vestig op wat die predikant sê en of vir hulle te verduidelik wat die hoofgedagte van die preek is.

Kontak asb vir Henriëtte van der Zwan (082-859-2229).

Gemeentepiekniek

Saterdag 28 Februarie 2015

Dit is Saterdag die 28ste Februarie ons gemeentepiekniek! Die susters beplan om heerlike hoender-en beesburgers en roomys te bedien!
Die piekniek begin om 15:00 die middag by Willie en Annemarie Coetzee se plot (Mooivallei plotte 12, voorheen bekend as Kleinbos).
Almal moet asb hul eie drinkgoed, eetgerei en stoele/piekniekkomberse saambring. Skryf asb **vandag** jou naam op die lys in die portaal indien jy die piekniek gaan bywoon!

G5 Bultbediening

Gebed vir mense op die Bult: Motorwagte

Ons weet so min van hierdie mense wat elke dag op die Bult 'n bestaan maak. Party is al jare daar en doen goeie werk. Dag- en soms naglank staan hulle daar in hitte en koue om 'n bestaan te maak. Oor ander het ons bedenkinge. Hulle asem ruik na drank en hulle klere na rook. Hulle staan eintlik meer in die pad as wat hulle help om die verkeer te reguleer. Blykbaar is van hulle betrokke in dwelmhandel.
Tog is hulle mense. Mense wat ook name en familie het. Mense wat ook met ongeskikte en ongeduldige mense soos ek te make het. Mense dalk sonder enige toekomsverwagting en hoop. Mense wat dalk die Here ken en dalk nie die Here ken nie. Ek weet ook nie altyd hoe om teenoor hulle op te tree nie, maar ek het besluit om vir hulle ook te bid. Die Here weet en mag die Here vir ons insig gee in ons optrede teenoor hulle – sodat sy liefde en sy Evangelie hulle ook bereik.

Liewe GK Bult

Sondag die agtste Februarie was gemeente ete. Ek is 'n redelike nuwe lidmaat in die gemeente, so ek was opgewonde vir so lekker geleentheid. Ek is nog nie bekend met soveel gemeentelede nie, so was maar tesame met die opgwewondenheid effe skrikkerig.
Wat my getref het, het egter my grootste verwagting oortref. Mense, massas en massas mense. Ek het nie eers besef daar is soveel gesigte in ons gemeente nie. Mense van alle kulture en verskillende tale was saam verenig. Dit was vir my soos 'n stukkie hemel op aarde. Ek het myself keer op keer verwonder aan hoe almal net so saam sit en kuier, in alle tale. Tannies, Ooms, gesinne, kinders, jeug, jong werkendes en almal kuier saam soos ou vriende. Die kos was nog iets wat my totaal oorweldig het. Dat daar eerstens mense is wat bereid is om kos te maak vir soveel mense uit goedhartigheid en tweedens dat daar te veel kos was vir al die mense. Ek is seker die Here het met 'n groot glimlag van Bo af gekyk oor hoe Sy gemeenskap so saam verenig was. Ons kleingroep asook mede jeug kan nie ophou praat oor die lekker kuier nie en hoe wonderlik dit vir ons is om te sien hoe wyd die Here se gemeenskap trek tov kulture. Ek verstaan nou wat broers in geloof is.
Ek wil regtig my dankbaarheid uitspreek oor die gemeente en dat ek deel van so 'n wonderlike, transformerende kerk kan wees. Ek is voorwaar 'n trotse lidmaat.

Vriendelike groete
Rizaan Olivier

Wie is my ouderling?

In die groot portaal onder die toring is daar foto's van al die ouderlinge. Gaan kyk bietjie hoe lyk hulle!

BESOEK AAN KOPTIESE CHRISTEN KLOOSTER IN EGIPTE

Die eerste oggend lees ons in die koerant dat sewe Christene vermoor is in Kaïro.
Midgat, wat ons in die Mariotte-hotel ontvang het, het ons voorgestel aan 'n Argeoloog wat Argitektuur verder studeer wat ons rondgeneem het deur Egipte.
Met ons toer na Alexandria het hy geheimsinnig vertel dat hy ook 'n Christen is, maar dit nie in die openbaar durf bely nie.
Hy kry dit gereël dat ons 'n Koptiese Klooster in die woestyn kan besoek. Dit is helwarm in 'n digte sandstorm.
Die klooster is ommuur met 'n drieverdieping hoë skermmuur bestaande uit kantore en woonstelle, met loergate na buite en binne vensters.
Die ingangsdeur is tweeverdiepings hoog en gekonstrueer van dik balke wat 'n stormram kan weerstaan.
'n Massiewe dik grendel word ontsluit en ons stap na binne. Binne is dit meteens heerlik koel met geen wind.
Tussen die pragtig geboue wat dateer uit die Helleense en Romeinse periode staan reuse stokoue bome wat die tyd weerstaan.
Vader Erie Enos van die Klooster Saint Macarius ontvang ons vaderlik – hy lyk nogal soos Prof. Fika.
Hy was 'n gekwalifiseerde Apteker wat hom nou bekwaam het as 'n Priester. Hy is sieke en siele trooster.
Die Teologiese opleidingskompleks is selfonderhoudend met 'n Apteek, drukpers, Biblioteek, museum, koshuise, lesinglokale, groentetuin ('n Reuse beet 7kg. swaar) en alle plaasdiere.
Hy beweer volgens oorlewering het Moeder Maria, Josef en Christus onder 'n boom daar oornag terwyl hulle vir Herodes gevlug het.
In 43 na C is die eerste Koptiese Kerk daar gestig.
Die Christene is aanhoudend vervolg, 570 Kloosters is afgebreek, verbrand en weer opgebou. Voorbeelde van die reste van die pragtige geboue is daar oopgegrawe: reuse versierde pilare.
Die aparte verdiepinggeboue is bo met loopgange verbind as vlugroete, as van een gebou na die ander gevlug word, word die loopgang opgetrek en toegegrendel.
Ons stap twee verdiepings af na een van die oudste bestaande kerke 360 nC: vol onskatbare kunswerke.
Langsaan is 'n nuwer kapel en dan verrassend word die allerheiligste oopgesluit, 'n kelderverdieping. Bo uit die eeue-oue klipkoepel, 7de eeu gebou, stroom lig binne en val op die Sarkofaag of altaar.
Toonbrode met silwerbeker en kraffies staan gedek. Wierook vul die lug. Teen die muur hang 'n reuse uitbeelding van die laaste Avondmaal. Die oomblik was vir my heilig.
Onder 'n antieke mat lê n valluik in die vloer versteek, waardeur hulle in noodgange kon ontsnap.
Ons stap seker 12 meter op na die grondvlak bo, tussen die besonderse koepelgeboue.
Onder 'n pergola, toegerank met druiwe, nooi Vader Erie Enos ons uit om ongesuurde brood met wyn en of tee te geniet.
Hy lê sy hande op ons en spreek die seën oor ons uit op ons verdere reis.
Saam stap hy na die reuse ingangsdeur, lig die swaar grendel op en stoot die soliededeur oop.
Buite op die horison gaan die bloedbelope son onder – omhul in 'n stofstorm.
Dis weer helwarm buite na die hemelse stil koelte binne in die Klooster.
Wat 'n heerlike verreikende belewenis.
Vanaf die 12de eeu het die oorwegende Christene verander in 'n Moslem-land.
In Egipte is amper nog 10 miljoen Koptiese Christene van die 58 miljoen Egiptenare.
Ons treur oor die Christene wat steeds so vervolg word.

Nardus Conradie
2015 02 17

’n Groter verskeidenheid kanselklede!

Die kerkraad het dit goedgedink om d.m.v. verskillende kanselklede ’n groter bewustheid van die Christelike jaarkalender in ons gemeente teweeg te bring. Die volgende drie kalendertydperke word wêreldwyd deur die Christelike kerk gevier:

1. Die Advent-tyd (Kersfees)

Kersfees word veral om drie redes gevier:

- dit is ’n fees om die geboorte van Jesus Christus te herdenk.
- dit is ’n jubelfees oor die vreugde en blydskap oor die verlossing wat gekom het (Luk.2:10).
- Kersfees is ook ’n familiefees, want dit is Christus wat ons as familie saambind.

Christene vier egter ook die 4 Sondae voor Kersfees as voorbereiding om die geboorte van Christus te herdenk. Hierdie tydperk staan beken as die “Advent-tyd”. “Advent” kom van die Latynse woord “adventus”, wat “koms” of “aankoms” beteken. Die oorsprong daarvan is waarskynlik in die 5de eeu in Spanje of Frankryk toe Gregorius VII die getal Advent-Sondae vir die kerk op vier Sondae vasgestel het. Die motief van die Advent was suiwer om Christene voor te berei op Kersfees. Die bedoeling is dat ons saam met al die gelowiges moet begryp wat die ware omvang van Christus se liefde is.
Die blou kanselkleed wat die Advent-tyd simboliseer, is etlike jare gelede aan die gemeente geskenk deur ’n groep Koreaanse lidmate en beeld die geboortenag van Jesus Christus in Bethlehem uit.

Meelewing

Ons dink aan **Stéffani Venter** (083-783-3800) na haar oupa Dinsdag in die Here ontslaap het.

2. Die Paastyd
(Lyding, kruisiging en opstanding)

Paasfees, wat oor die sterwe en opstanding van Jesus Christus handel, was aanvanklik saam met die Sondag die enigste dag wat vroeë gelowiges gevier het. Dit is die één Christelike fees wat ’n Ou-Testamentiese agtergrond het nl. die Pasga, wat herinner aan Israel se uittog uit Egipte en die gebruik van geslagte lammertjies se bloed. Die vasstelling van die datum is gedoen deur die kerkvergadering van Nicea in 325 nC. Daar is besluit dat Paasfees gevier sal word op die eerste Sondag na die volmaan wat volg op die dag-en nagewening van 21 Maart. Die vroegste datum is dus 22 Maart en die laatste datum is 25 April. Later (600 NC) het die behoefte tot ’n voorbereidingstyd vir die kruisiging (die sg. Lydenstyd) ook begin posvat. Die Protestante het daarom by die sinode van Dordt in 1618 besluit om ’n tydperk van 7 weke Lydenstyd voor die Paassondag ook te gedenk.
Die kanselkleed wat die Paastydperk uitbeeld is ontwerp deur Nardus Conradie en gemaak deur Paul Schutte. Dit wys ’n driedimensionele kruis wat die Lydensweg voorstel. Christus het vir ons die kruis gedra, die donker nag van die graf oorwin en die lig wat seëvier nà die opstanding laat aanbreek. Die ontwerp wys ook heen na die oorkoepelende reënboog-beloftes van God, asook Christene wat mekaar liefdevol ondersteun op ons weg na die winkende hemelpoort.

vervolg op bladsy 7

3. Pinkster (Hemelvaart en uitstorting van die Heilige Gees)

Die Lydenstyd is 'n heenwysing na Christus se pelgrimstog op aarde, terwyl die 50 dae tot en met Pinkster heenwys na die hemelse vreugde wat sou kom. Die Pinkstersiklus omvat Hemelvaart en die uitstorting van die Heilige Gees. Na die opstanding van Jesus verloop daar 40 dae tot met die hemelvaart, en daarna 'n verdere 10 dae tot met die uitstorting van die Heilige Gees.

Die kanselkleed wat Pinkster uitbeeld is ook ontwerp deur Nardus Conradie en gemaak deur Paul Schutte. Die gebroke kruis dui op Christus wat die vloek van die kruishout verbreek het. Hy het 'n doringkroon vir ons gedra. Die lig wat Jesus bring verbreek die duisternis en die Woord word uitgedra deur Sy bloed sodat die Evangelie die uitspansel oorspoel tot by alle uithoeke van die wêreld.

4. Tye tussen die drie feestydperke

In tye tussen die drie besondere tydperke sal die bekende room- en maroenkleurige kanselkleed gebruik word wat oorspronklik deur Anri Jooste ontwerp is. Annemarie Coetzee het met addisionele weefwerk die oorspronklike ontwerp tot sy reg laat kom sodat die ryk simboliek duidelik waarneembaar is. Alles spiraal vanuit God die Vader, wat sy Seun ter wille van ons laat vasspyker het aan die kruis. Die grafsteen is egter weggerol en die graf is oop omdat Jesus Christus die dood vir ewig oorwin het. Die Heilige Gees is soos tonge vuur oor God se kinders uitgestort om ons te troos en te lei totdat Jesus Christus weer sal kom op die wolke as Heerser van die heelal.

Daar word beoog om kassies met glasvensters te maak vir elke kanselkleed, wat in die portaal onder die toring aangebring sal word. By elke kassie sal 'n beskrywing van die simboliek van die spesifieke kleed aangebring word. Die klede sal dan om die beurt gebruik word na gelang van die tydperk van die Christelike kalender.

Kobus van der Walt

Welkom hier!

Rin-Marie Coetzee
083-625-2009

Suzaan Schouwstra
076-050-9304

Casper Aucamp
060-508-6013

Stéffani Venter
083-783-3800

Riaan van Wyk
079-494-5575

Peet Duvenhage
078-782-2346

Wil jy ook by ons gemeente inskakel?
Kontak die kerkkantoor vir meer inligting.

Teeskinkbeurte

22 Februarie
Wyk 24 (Cornelia Wessels - 0824690066)
KG 19 (Olivia Conradie - 0741996498)

1 Maart
KG 20 (Wiida Bisschoff - 0827765295)
KG 21 (Gareth van Dyk - 0834080082
Wyk 25 (Drienie Reinecke - 0724281274)

8 Maart
Wyk 26 (Maritha de Jager - 0824649800)
Wyk 27 (Marina Grobler - 0832337756)

Baie dankie!

Sjoe, maar hierdie Lantern het baie leeswerk!
Kom drink eers bietjie tee & koffie...

☐ Ek wil graag 'n lidmaat word
☐ Ek wil graag huisbesoek hê

Naam: .....
Telefoonnommer: .....

Gooi in kollektesakkie / Gee in by kerkkantoor

HOU DIE DATUMS OOP

13-15 Maart
G5 se Oppi-Spot kamp
Navrae: steyn.willem@gmail.com

14 Maart
Paasprogram. Navrae: 083-439-7379 / jetty.vanrensburg@nwu.ac.za

24-27 April
WWESSkamp (Kamp vir Werkende Wesens en Senior Studente)
Navrae: erna@gkrandburg.org.za

◇ ADVERTENSIES ◇

Woonstelle te huur: Enkel, een – en tweeslaapkamer vanaf R3,100 tot R5,100 in Molenstraat. Skakel Hennie 083 285 3824

Gert de Beer - Mesmaker
Maak messe, skêre en ander snygoed skerp. R10 per item (ten bate van die diakonie)
Tel: 073-603-5035 / 018-297-6586

Het jy vervoer nodig kerk toe?

Kontak vir Susan
082-563-1207
of
geeldogtertjie@gmail.com



www.youtube.com /user/gkpotchbult

www.facebook.com
../gkpotchbult
../gkpotchbultG5
../VenterskroonBediening
../GKBultProjekte
../BultInternationalChurch

@gkpotchBult
#potchG5
#gkbult

Kontak ons

Kerkkantoor 018-297-4843 (tel)
086-750-5339 (faks)
e-pos: gkbult@gmail.com
webblad: www.gkpotchbult.co.za

Ds Fanie Coetzee: 082-520-5168
fanie1coetzee@gmail.com
Ds Willem Steyn: 082-854-3587
steyn.willem@gmail.com

Skribas: Ig Vorster: 082-788-5902
Jaap Verhoef: 018-294-6502
Orrelistes: Jetty van Rensburg: 083-439-7379
Annatjie Verhoef: 072-391-2552
Koster (Molenstraat):
Piet van Maarleveld: 084-776-6113
Koster (Gerrit Dekker): Wilma Herbst: 082-965-7525
Kassier: Paul Delicado: 082-574-2204
Internasionale diens: Ray Everson: 018-290-6782
Diakonie: Elsa Els: 082-460-0939
Katkisasie: Braam Pieterse: 082-923-4881
Kleuterbediening: Marida Coetzee: 084-678-3863
Dataprojeksie: Adelle Lotter: 083-286-3811
Tolkdienste: Kerkkantoor: 018-297-4843

Sopkombuis: Elsa Els: 082-460-0939
Susters: Judie Coetzee: 082-619-4620
Onthaalkomitee: Retha van Wyk: 083-967-1511
G5 Bediening: Ds Willem Steyn: 082-854-3587
Musiekbediening: Hanlie Steyn: 083 654 8652
Bedieningskommissie: Jan Geertsema: 083-271-6570
Finansiële kommissie: Carools Reinecke: 082-568-5652
Eiendomskommissie: Johan van Dijk: 076-383-9150
Liturgiese Werkgroep: Lou van Wyk: 084-520-1086
Saalverhurings:
Molenstraat: Kerkkantoor: 018-297-4843
Gerrit Dekkerstraat: Wilma Herbst: 082-965-7525
Breekware: Molenstraat: Elma de Kock: 083-302-5282
Gerrit Dekkerstraat: Wilma Herbst: 082-965-7525

Skakel gerus met Fransa by die kerkkantoor (Weeksdae van 08:00 - 13:00) vir:
Algemene navrae, Lantern (saktyd Donderdae om 10:00), Preekopnames, Webbladnavrae, ens.

Bankbesonderhede
Gereformeerde Kerk Potchefstroom Die Bult
ABSA Tomstraattak 670-264-661 (Tjekrekening)
Verwysing: Van, voorletters, Wyk / KG